

NOVEMBER
2020



ENVIRONMENTAL IMPACT ASSESSMENT PROCESS

ONTWIKKELING VAN 'N GROEP HERNUBARE KRAGAAANLEGTE
TUSSEN SOMERSET-OOS EN GRAHAMSTAD

OOS-KAAP

'n Groep hernubare kragaanlegte word beoog vir ontwikkeling op verskeie projekterreine wat tussen Somerset-oos en Grahamstad in die Cookhouse Hernubare Kragontwikkelingsone (REDZ), asook die Oostelike Strategiese Transmissiekorridor, geleë is. Die groep bestaan uit nege (9) projekte, met insluiting van ses (6) windplase, twee (2) sonkragaanlegte en een (1) hooftransmissie-substasie (HTS). Die projekontwikkelings-maatskappye het 'n geskikte projekterrein vir elke ontwikkeling geïdentifiseer (raadpleeg die meegaande liggingskaart en tabel vir besonderhede).

Die hele omvang van die projekte is in die Sarah Baartman Distriksmunisipaliteit geleë. Die westelike gedeelte is in die Bloukraanvoëlroete Plaaslike Munisipaliteit en die oostelike gedeelte in die Makana Plaaslike Munisipaliteit geleë.

Savannah Environmental is aangestel as die onafhanklike konsultante om Omgewingsimpak-evalueringsprosesse vir die projekte te onderneem. Die prosedure wat gevolg moet word om aansoek te doen om omgewingsmagtiging vir 'n grootskaalprojek in 'n REDZ, asook roosterinfrastruktuur in 'n Strategiese Transmissiekorridor, is op 16 Februarie 2018 formeel in die staatskoerant (Staatskennisgewing R113 en R114) afgekondig. Gevolglik is hierdie hernubare kragprojekte en die beoogde HTS onderhewig aan 'n Basiese Evaluering (BE), soos afgekondig, asook aan 'n verkorte tydsraamwerk van 57 dae vir die verwerking van 'n Aansoek om Omgewingsmagtiging ná indiening van die finale BE-verslag.

Die aard en omvang van die projekte word van naderby in hierdie dokument uiteengesit. Weens die ligging van die projekterreine wat naby mekaar geleë is en omdat al die projekte deel vorm van 'n groep hernubare kragaanlegte, is al die projekte in hierdie agtergrondinligtingsdokument (AID) ingesluit. Die openbare deelnameprosesse vir die projekte sal ook sameloping onderneem word, wat aan belangstellende en/of geaffekteerde (B&GP's) die geleentheid bied om die ontwikkeling as 'n geheel te verstaan en om kommentaar op al die projekte te lewer.

Doel van hierdie agtergrondinligtingsdokument

Hierdie dokument poog om u, as 'n B&GP, te voorsien van:

- » 'n oorsig van die beoogde projekte wat deel van die groep vorm;
- » 'n oorsig van die Basiese Evalueringprosesse (BE-prosesse) en die studies wat onderneem word om die omgewing simpakte te evalueer wat verband hou met die beoogde projekte; en
- » besonderhede van hoe u by die BE-prosesse betrokke kan raak, inligting kan ontvang of vraagstukke met betrekking tot die beoogde projekte kan opper wat u dalk kan raak en/of vir u van belang kan wees.

Oorsig van die projekte

Die geïdentifiseerde projekterreine vorm die grondslag van die ondersoek vir die Basiese Evalueringprosesse (BE-prosesse). Die terreine van voorkeur vir die projekte bestaan uit eiendomme wat in privaatbesit is en beskikbaar is vir die beoogde projekte deur ooreenkoms met die grondeienaars, en word deur die projekontwikkelaar as tegnies uitvoerbaar geag vir sodanige ontwikkeling om plaas te vind.

Die groep projekte is in twee gebiede verdeel, wat as die Westelike Gedeelte en die Oostelike Gedeelte bekend staan, met die Westelike Gedeelte naby Somerset-Oos en die Oostelike Gedeelte naby Grahamstad. Die westelike gedeelte behels sewe (7) van die nege projekte en die oostelike gedeelte die oorblywende twee (2) projekte.

Die projekte word beoog in spesifieke reaksie op die nasionale regering se beleid wat kragontwikkeling in die projekterreine voorskryf, naamlik die Geïntegreerde Hulpbronneplan (GHP), wat die vereiste insluit vir diversifisering van die land se kragmengsel om hernubare krag in te sluit. Voorts het die regering ná COVID-19 omkeerplanne ten opsigte van hernubare krag in die Just Energy Transition (JET), gekoppel aan belangrike ontwikkelingsdoelwitte van die verskeie regeringsfere op nasionale, provinsiale en plaaslike vlak, geprioritiseer.

Hierdie beleide deel dieselfde ideale, soos:

- » die benutting, aansoek en belegging in hernubare kraghulpbronne in Suid-Afrika wat geag word om 'n noodsaaklike manier te wees om die land se koolstofvoetspoor te verklein;
- » diversifisering van die nasionale ekonomie;
- » vermindering van armoede; en
- » verskaffing van kritiese krag bykomend tot dié van Eskom.



Op grond van die windhulpbron (gemeet deur windtorings wat sedert 2011 op die terrein ontplooi is), sonhulpbron en beskikbare roosterkonneksievermoë wat die Oos-Kaapprovinsie met die Mpumalangaprovinsie verbind, word die projekterreine wat vir ontwikkeling geïdentifiseer is, as gewens geag vir ontwikkeling. Aangesien die gebied as 'n REDZ geïdentifiseer is, is dit geormerk vir bespoedigde ontwikkeling van hernubare krag. Die mengsel van wind- en sonkrag sal die optimalisering van 'n voorsiening van bestendige staat basislas-soort krag verseker, en sal ook 'n beduidende rol speel in Just Energy Transition ("JET") deur laekoste krag aan die nasionale kragnet te voorsien. Terselfdertyd sal dit bydra tot 'n JET-fonds om te help om werksgeleenthede oor te skakel van die fossielbrandstofsektor in Mpumalanga na hernubare krag. Die hoëgehalte windhulpbron, nabyheid aan die transmissie-infrastruktuur en skaal van die portefeulje, kan ook 'n moontlike rol speel om by te dra tot die waterstofekonomie in Suid-Afrika, met Europa as 'n moontlike uitvoermark.

Na verwagting kan die groep 'n betekenisvolle bydrae tot werkskepping en ontwikkeling in die streek hê (veral in die plaaslike dorpe soos Makhanda, Bedford, Cookhouse, Alicedale, Somerset-Oos en Adelaide) en die optimalisering van elektrisiteitsvoorsiening verseker.

Die tabel hieronder bied die projekspesifieke besonderhede vir elk van die ses windplaasprojekte wat deel van die groep is.



Projeknaam	Hamlett Windplaas	Ripponn Windplaas	Redding Windplaas	Aeolus Windplaas	Wind Garden Windplaas	Fronteer Windplaas
Applikant	Hamlett (Edms.) Bpk.	Ripponn (Edms.) Bpk.	Redding Wind (Edms.) Bpk.	Aeolus (Edms.) Bpk.	Wind Garden (Edms.) Bpk.	Fronteer (Edms.) Bpk.
Afdeling	Westelik	Westelik	Westelik	Westelik	Oostelik	Oostelik
Geaffekteerde eiendom (d.i. projekterrein)	<ul style="list-style-type: none"> Plaas Vaalkop No. 164 Restant van Gedeelte 1 (Middlevale) van plaas Van Aardts Kraal No. 163 Gedeelte 1 van plaas Jaskraal No. 160 Restant van plaas Riet Fontein A No. 159 Gedeelte 1 van Plaas Riet Fontein A No. 159 Restant van plaas Jaskraal No. 160 Restant van plaas Nieuwe Grond A No. 129 Restant van plaas Wilton No. 409 Gedeelte 2 van plaas Middleton No. 219 Restant van plaas Bloemhof No. 166 Plaas Wilde Honden Kloof No. 216 Gedeelte 1 van plaas Bloemhof No. 166 	<ul style="list-style-type: none"> Restant van Plaas No. 381 Restant van plaas Wilton No. 409 Gedeelte 7 van Plaas No. 381 Restant van plaas Hartebeest Kuil No. 220 Gedeelte 1 van plaas Hartebeest Kuil No. 220 Gedeelte 2 van plaas Haartebeestkuil No. 220 Gedeelte 2 van Plaas No. 230 Restant van Gedeelte 4 (Pruim Plaas) van plaas Draai Hoek No. 221 	<ul style="list-style-type: none"> Plaas No. 369 Gedeelte 2 van plaas Shepherds Rest No. 272 Restant van plaas Varkens Kuil No. 269 Gedeelte 3 (Vlak Leegte) van plaas Driefontein No. 259 Gedeelte 1 (Opmeet Fontein) van plaas Gras Fonteyn No. 258 Restant van plaas Draai Van Klein Visrivier 254 Gedeelte 1 van plaas Bothas Hoop 358m Restant van 271 van plaas Request 271 Gedeelte 2 van plaas Request 271 Gedeelte 1 van plaas Request 271 Gedeelte 9 van plaas Britzkraal No. 253 Gedeelte 8 ('n gedeelte van Gedeelte 7) van plaas Britzkraal No. 253 	<ul style="list-style-type: none"> Restant van plaas Brand Rug No. 268 Restant van plaas Varkens Kuil No. 269 Restant van Gedeelte 3 van Plaas Commadagga No. 266 Gedeelte 1 van plaas Vaalkdrans No. 299 Gedeelte 1 (Glen Roy) van plaas Varkens Kuil No. 269 Gedeelte 3 (Glen Roy, 'n gedeelte van Gedeelte 1) van plaas Modderfontein No. 302 Gedeelte 2 (Spitzkop) van plaas Varkens Kuil No. 269 	<ul style="list-style-type: none"> Restant van plaas Brackkloof No. 183 Gedeelte 5 van plaas Hilton No. 182 Gedeelte 8 van plaas Hilton No. 182 Gedeelte 4 van plaas Vandermerwes-kraal No. 132 Gedeelte 1 van plaas Thursford No. 183 	<ul style="list-style-type: none"> Restant van plaas Table Hill Farm No. 187 Gedeelte 2 van Table Hill Farm No. 187 Gedeelte 3 van die plaas Table Hill Farm No. 187 Restant van die plaas Hounshow No. 131 Gedeelte 1 van plaas Draai Farm No. 184 Gedeelte 1 van Plaas No. 132 Gedeelte 1 van plaas Burnt Kraal No. 189 Gedeelte 1 van plaas Table Hill No. 187
Gekontrakteerde vermoë	Hoogstens 333 MW	Hoogstens 324 MW	Hoogstens 576 MW	Hoogstens 297 MW	Hoogstens 264 MW	Hoogstens 213 MW
Aantal turbines	Tot 37	Tot 36	Tot 64	Tot 33	Tot 47	Tot 38
Turbine se naafhoogte	Hoogstens 166 m	Hoogstens 166 m	Hoogstens 166 m	Hoogstens 166 m	Hoogstens 120 m	Hoogstens 120 m



Projeknaam	Hamlett Windplaas	Ripponn Windplaas	Redding Windplaas	Aeolus Windplaas	Wind Garden Windplaas	Fronteer Windplaas
Turbine se spits hoogte	Hoogstens 246 m	Hoogstens 246 m	Hoogstens 246 m	Hoogstens 246 m	Hoogstens 200 m	Hoogstens 200 m
Rotordeursnee	Hoogstens 160 m	Hoogstens 160 m	Hoogstens 160 m	Hoogstens 160 m	Hoogstens 160 m	Hoogstens 160 m
Vermoë en grootte van interne substasie	132/33 kV kollektor- substasie van 100 m x 100 m	132/33 kV kollektor- substasie van 100 m x 100 m	132/33 kV kollektor- substasie van 100 m x 100 m	132/33 kV kollektor- substasie van 100 m x 100 m	132/33 kV kollektor- substasie van 100 m x 100 m	132/33 kV kollektor- substasie van 100 m x 100 m
Toegangspaaie (intern en hoof)	4,5 m breed en gruis van aard	4,5 m breed en gruis van aard	4,5 m breed en gruis van aard	4,5 m breed en gruis van aard	4,5 m breed en gruis van aard	4,5 m breed en gruis van aard
Ander verwante infrastruktuur	'n 132 kV skakelstasie; 'n 132/33 kV interne kollektorsubstasie; 'n 132 kV oorhoofse enkel- of dubbelkring inlus-uitlus-kraglyn; beton turbinefondasies en -vasteblaaie; tydelike stapelwerwe wat bergings- en monteergebiede sal akkommodeer; kables tussen die turbines, wat ondergronds gelê moet word waar dit prakties moontlik is; 'n tydelike betonlotaanleg; personeelverblyf; en bedryfs- en instandhoudingsgeboue met insluiting van 'n hekhuis, sekerheidsgebou, beheersentrum, kantore, store, 'n werkwinkel en besoekersentrum.					

Die tabel hieronder bied die projekspesifieke besonderhede vir elk van die twee sonkragaanlegprojekte wat deel van die groep is.

Projeknaam	Solaris Fields Sonkragaanleg	Sun Garden Sonkragaanleg
Applikant	Solaris Fields (Edms.) Bpk.	Sun Garden (Edms.) Bpk.
Afdeling	Westelik	Westelik
Geaffekteerde eiendomme (d.i. projekterrein)	<ul style="list-style-type: none"> Gedeelte 9 van plaas Britzkraal No. 253 Gedeelte 8 ('n gedeelte van Gedeelte 7) van plaas Britzkraal No. 253 Gedeelte 7 van plaas Britzkraal No. 253 Gedeelte 1 van plaas Bothas Hoop No. 358 	<ul style="list-style-type: none"> Gedeelte 9 van plaas Britzkraal No. 253 Gedeelte 8 ('n gedeelte van Gedeelte 7) van plaas Britzkraal No. 253 Gedeelte 7 van plaas Britzkraal No. 253 Gedeelte 1 van plaas Bothas Hoop No. 358
Gekontrakteerde Vermoë	Hoogstens 300 MW	Hoogstens 300 MW
Tegnologie	Fotovoltaïes (FV)	Fotovoltaïes (FV)
Hoogte van die FV-paneel	Hoogstens 2 m	Hoogstens 2 m
Vermoë en grootte van interne substasie	132/33 kV kollektorsubstasie van 100 m x 100 m	132/33 kV substasie van 100 m x 100 m
Toegangspaaie (intern en hoof)	4,5 m breed en gruis van aard	4,5 m breed en gruis van aard
Ander verwante infrastruktuur	'n 132/33 kV interne kollektorsubstasie; 'n 132 kV oorhoofse enkel- of dubbelkring inlus-uitlus-kraglyn; sentrale wisselrigterstasies of stringwisselrigters; kables tussen die panele, wat ondergronds gelê moet word waar dit prakties moontlik is; 'n tydelike stapelwerf; personeelverblyf; en bedryfs- en instandhoudingsgeboue met insluiting van 'n hekhuis, sekerheidsgebou, beheersentrum, kantore, store, 'n werkwinkel en besoekersentrum.	

Die tabel hieronder bied die projekspesifieke besonderhede vir die hooftransmissiesubstasie (HTS) wat deel van die groep is.

Projeknaam	REDZ 3 Kragkorridor 400 HTS
Applikant	Wind Relic (Edms.) Bpk.
Afdeling	Westelik
Geaffekteerde eiendomme (d.i. projekterrein)	<ul style="list-style-type: none"> Plaas 434 Gedeelte 3 van plaas Driefontein 259
Vermoë	400 kV
Voetspoor	600 m x 600 m
Toegangspaaie (intern en hoof)	4,5 m breed en gruis van aard

Vir die evaluering van die HTS, het die ontwikkelaar 'n groter gebied geïdentifiseer waarin die HTS geplaas sal word ten einde dit moontlik te maak om sensitiewe omgewingskenmerke te vermy. Hierdie groter gebied sal 'n omvang van sowat 400 ha beslaan. Die plasing van die 400 kV HTS vorm deel van Eskom se beplanning vir die gebied vir pas-beoogde substasies – Poseidon B en C.

Die ontwikkelaar is van voorneme om die elektrisiteit wat by die aanlegte opgewek gaan word, aan privaat afsetters in die streek te voorsien, met belangrike kliëntefokusgebiede wat hoofsaaklik in die nywerheids-, mynbou- en kommersiële sektore is waar daar 'n behoefte is om oor te skuif na skoner en meer volhoubare kragbronne. Die verwagte ladingsvereistes van elke potensiele kliënt is meer as 1 000GWh per jaar. Die opgewekte krag sal aan die hand van die benutting van die nasionale kragnet en deur 'n tolooreenkoms met Eskom vir die gebruik van die bestaande roosterkonneksie-infrastruktuur in die gebied, ontruim word.



Meer oor windturbines

Windturbines maak gebruik van windkrag om elektrisiteit op te wek. 'n Windturbine bestaan uit vier hoofonderdele (Figuur 1):

- » Die rotor;
- » nacelle (turbinehuis);
- » toring; en
- » fondasie-eenheid.

Die meganiese krag wat deur die rotasie van die skroewe opgewek word, word via 'n ratkas en dryfwerk aan die generator binne-in die nacelle (turbinehuis) oorgedra. Die wind draai die skroewe wat op hul beurt 'n as draai wat aan 'n generator gekoppel is wat elektrisiteit opwek. Die aanwending van wind vir die opwekking van elektrisiteit is in wese 'n nie-verbruikende benutting van 'n natuurlike hulpbron en stel geen kweekhuisgasse vry nie.

Turbines kan teen verskillende snelhede funksioneer. Die hoeveelheid energie wat 'n turbine kan inspan, hang af van beide die windsnelheid en die lengte van die rotorskroewe. Die turbines wat vir hierdie ses windplase oorweeg word, sal varieer tussen 4,2 MW en 9 MW in vermoë.

Die projekontwikkelaar oorweeg verskeie windturbine-ontwerpe en -uitlegte op die projekterreine om die opwekkingsvermoë van die terreine te maksimaliseer terwyl die omgewingsimpakte geminimaliseer word. Die finale uitleg van die aanlegte, turbinevermoëns en modelle sal afhang van wat geag word as geskik vir die projekterreine in verhouding tot, onder andere, verdere studies van die windregime, terrein en omgewingsbeperkings en dinge wat maatskaplik sensitief is.


Die tydsduur van die konstruksie tydperk vir elk van die windplase word op sowat 30 maande beraam. 'n Turbine is ontwerp om ononderbroke en met min instandhouding vir 20 tot 25 jaar in bedryf te staan.

Meer oor fv-sonkragtegnologie


Sonkragaanlegte (soos dié wat FV-tegnologie gebruik), wend die son se energie aan om elektrisiteit op te wek deur 'n proses wat as die Fotovoltaïese Effek bekend staan. Hierdie effek verwys na ligfotone wat met elektrone bots, wat die elektrone gevolglik in 'n hoër staat van energie plaas om elektrisiteit voort te bring. Die beoogde sonkragaanlegte se sonkragvelde sal uit die volgende komponente bestaan:

Fotovoltaïese Selle

'n Fotovoltaïese (FV) sel word van silikon gemaak wat as halfgeleier optree en gebruik word om die fotovoltaïese effek voort te bring. FV-selle word in veelvoude/rangskikkings agter 'n beskermende glaspaneel geplaas om 'n FV-paneel te vorm. Elke FV-sel se een kant is positief en die teenoorgestelde kant negatief gelaai, met elektriese geleiers wat aan beide kante aangebring is om 'n stroombaan te vorm. Hierdie stroombaan vang die vrygestelde elektrone vas in die vorm van 'n elektriese stroom (d.i. gelykstrom (GS)).



Figuur 1: Hoofonderdele van 'n windturbine



Figuur 2: Oorsig van 'n FV-sel, -module en -rangskikking/paneel (Bron: pveducation.com)



'n FV-sonpaneel bestaan uit individuele FV-selle wat met mekaar verbind is, terwyl 'n FV-sonkragreeks 'n stelsel is wat bestaan uit 'n groep individuele FV-sonpanele wat elektries saambedraad is om 'n veel groter FV-installasie te vorm.

Die FV-paneel sal op steunstrukture aangebring word en sal 'n horisontale enkelas-naspoorstelsel gebruik. Bifokale panele word oorweeg.

Wisselrigters

Wisselrigters word gebruik om elektrisiteit wat deur die FV-selle opgewek word van gelykstroom (GS) na wisselstroom (WS) om te sit sodat die aanleg met die nasionale kragnet verbind kan word. Ten einde groot sonkragaanlegte, soos dié wat beoog word, met die nasionale kragnet te verbind, sal verskeie wisselrigters in verskeie reekse gerangskik word om die krag wat by die aanlegte opgewek word, te versamel en om te skakel.

FV-paneel is ontwerp om vir meer as 20 jaar ononderbroke, meestal onbeman en met min instandhouding in bedryf te staan. Die tydsduur van die konstruksiefase vir elke sonkragaanleg sal tussen 24 en 30 maande wees.

Basiese evalueringprosesse

Ooreenkomstig die OIE-regulasies wat kragtens Artikel 24(5) van die Nasionale Wet op Omgewingsbestuur (Wet 107 van 1998) (NEMA) gepubliseer is, sal die applikante Omgewingsmagtiging (OM) van die Nasionale Departement van Omgewing, Bosbou en Visserye (DEFF) (in oorleg met die Oos-Kaapse Departement van Ekonomiese Ontwikkeling, Omgewingsake en Toerisme (DEDEAT)) vir die onderneming van die projekte moet kry. Weens die ligging van die projekterreine in die REDZ en 'n Strategiese Transmissiekorridor, moet Basiese Evalueringprosesse (BE's) vir al die beoogde projekte ingevolge Staatskennisgewing R113 en R114, soos formeel afgekondig in die Staatskoerant op 16 Februarie 2018, onderneem word. Aparte aansoeke om Omgewingsmagtiging sal vir elke projek by die DEFF ingedien word (d.i. altesaam nege aansoeke). Elke aansoek moet gerugsteun word deur omvattende, onafhanklike omgewingstudies wat ingevolge die OIE-regulasies, 2014, soos gewysig, onderneem is.

'n Omgewingimpaksevaluering is 'n doeltreffende beplannings- en besluitnemingswerktuig. Dit bring mee dat die omgewingsverwante gevolge wat voortspruit uit die beplanning, oprigting en bedryf van 'n aanleg, geïdentifiseer en na behore bestuur word. Dit bied die ontwikkelaar die geleentheid om vooraf gewaarsku te wees teen potensiële omgewingskwessies en bied die geleentheid om die vraagstuk(ke) waarvoor verslag gedoen is in die BE-verslag, asook uit dialoog met belangstellende en/of geïdentifiseerde partye, op te los. Vraagstukke op plaaslike vlak wat verband hou met die plasing van die beplande windplase, sonkragaanlegte en HTS, word deur spesialiskonsultante oorweeg deur moniteringsveldtogte vóór oprigting en terreinspesifieke studies en evaluering ten einde gebiede van potensiële sensitiwiteit in elk van die groter gebiede en die geïdentifiseerde projekterreine, af te baken. Sodra beperkende faktore omskryf is, sal die uitleg van die windturbines, sonpanele, HTS en alle verwante infrastruktuur beplan word om maatskaplike en omgewingsimpakte sover moontlik tot die minimum te beperk.

Savannah Environmental is aangestel as die onafhanklike omgewingskonsultant om die aparte Basiese Evaluering vir die projekte te onderneem om alle verwante potensiële omgewingsimpakte ten opsigte van die onderskeie projekte te identifiseer en te evalueer, en om gepaste versagtingsmaatreëls in 'n Omgewingsbestuursprogram (OBPr) aan te beveel vir daardie impakte wat nie vermy kan word nie. As deel van hierdie omgewingstudies sal B&GP's aktief betrokke raak deur die openbare betrokkenheidsproses wat deur Savannah Environmental onderneem word.

Wat is die potensiële omgewingsimpakte wat verband hou met die projekte?

Op grond van die aard en omvang van die beoogde projekte, die aard van die geïdentifiseerde gebied en ervaring van die konsultante op eenderse projekte en in die studiegebied, is 'n aantal potensiële omgewingsimpakte wat verband hou met die ontwikkeling van die onderskeie projekte, op hierdie stadium in die proses geïdentifiseer. Impakte op die volgende word volledig geëvalueer deur aparte spesialisstudies vir elke projek:

- » Biodiversiteit – wat insluit ekologie, vleilande, fauna en flora en wat die potensiële impak en gepaardgaande versteuring van plantegroei op die ekologie en biodiversiteit (met insluiting van kritiese biodiversiteitsgebiede en breëskaalprosesse) evalueer.
- » Avifauna – wat insluit monitering voor oprigting in gevolge die tersaaklike riglyne en wat die impak op avifaunahabitats en sensitiewe spesies evalueer.
- » Vlermuise – wat insluit monitering vóór oprigting in gevolge die tersaaklike riglyne en wat die impak op vlermuishabitats en sensitiewe spesies evalueer.
- » Grond en landboupotensiaal – wat insluit oorweging van geïdentifiseerde grondsoorte en wat die wesenlikheid van verlies aan landbougrond en gronddegradasie en/of erosie evalueer.
- » Erfenis – wat insluit erfenis, kultuur-argeologiese, paleontologiese en kultuurlandskaphulpbronne en wat die potensiële versteuring of vernietiging van erfenishulpbronne tydens die konstruksiefase weens opgrawingsbedrywighede evalueer.
- » Visueel – wat insluit die visuele gehalte van die gebied en wat die impak van die ontwikkeling van infrastruktuur wat met elke projek verband hou op die estetika van die gebied en op sensitiewe visuele reseptors evalueer.
- » Maatskaplike en sosio-ekonomiese omgewing – wat die positiewe en negatiewe sosio-ekonomiese impakte evalueer wat met elke projek verband hou.
- » Geraas – wat insluit om sensitiewe reseptors in die gebied te identifiseer en wat die wesenlikheid van die versteuring tydens oprigting en bedryf van die onderskeie windplaasaanlegte evalueer.



- » Verkeer – wat die impak van die ontwikkelings op die verkeer en padnetwerke in die gebied evalueer.
- » Kumulatiewe impakte – wat die vorige, huidige en redelik-voorsienbare toekomstige impak van die beoogde projekte evalueer, met inagneming van die impak van bedrywighede wat verband hou met die projekte, wat op sigself nie beduidend is nie, maar beduidend kan raak wanneer dit by bestaande en redelik-voorsienbare impakte gevoeg word wat uit eenderse of uiteenlopende bedrywighede in die gebied voorspruit. In hierdie verband sal eenderse projekte in 'n radius van 30 km in ag geneem word.

Kennis moet gedra word dat 'n kombinasie van die studies hierbo onderneem sal word vir elk van die projekte, afhangend van die infrastruktuur wat met die individuele projekte verband hou en die potensiële impakte wat na verwagting kan opduik. Enige bykomende potensiële impakte wat deur die BE-prosesse geïdentifiseer word, sal ook in die tersaaklike BE-verslae geëvalueer word.

Die onafhanklike spesialisstudies word onderneem waarin die potensieel-wesenlike impakte geëvalueer en ter plaatse getoets sal word. Waar dit nie moontlik is om impakte te vermy nie, sal praktiese en uitvoerbare versagtingsmaatreëls aanbeveel word ten einde die wesenlikheid van die potensiële impakte wat geïdentifiseer is, te minimaliseer. Hierdie aanbevelings sal vervat word in 'n terreinspesifieke Omgewingsbestuursprogram (OBPr) wat vir elk van die projekte opgestel sal word. Let wel dat die OBPr vir die HTS volgens die generiese templaatsal geskied wat deur die DEFF in die staatskoerant (Staatskennisgewing R435) afgekondig is.

Spesialisstudies sal toegelig word deur bestaande inligting, veldwaarnemings en insette wat uit die openbare deelnameproses voortspuit. As 'n B&GP word u insette as 'n belangrike deel van die proses geag, en ons moedig u aan om betrokke te raak.

Openbare betrokkenheidsproses

Die deel van inligting vorm die grondslag van die openbare betrokkenheidsproses en bied u die geleentheid om uit die staanspoor aktief by die BE-prosesse betrokke te raak. Kommentaar en insette van B&GP's tydens die BE-prosesse word aangemoedig ten einde te verseker dat oorweging aan alle potensiële impakte binne die omvang van die studie geskenk word.

Die openbare betrokkenheidsproses poog om te verseker dat:

- » inligting wat al die tersaaklike feite met betrekking tot die aansoeke bevat, aan B&GP's beskikbaar gestel word vir insae;
- » deelname deur potensiële B&GP's op so 'n wyse gefasiliteer word dat hulle 'n redelike geleentheid gegun word om kommentaar te lewer op die aansoek; en
- » voldoende insaetydperke aan B&GP's gebied word om kommentaar te lewer oor die bevindinge van die BE-verslae.

Die Openbare Deelnameproses sal in lyn met die Openbare Deelnameplan, wat deur die DEFF goedgekeur is, onderneem word.

U verantwoordelikhede as 'n B&GP

Ingevolge die Departement van Omgewingsake se Openbare Deelnameriglyn, 2017 (gepubliseer ingevolge Artikel 24J van NEMA) as deel van die BE-prosesse, het 'n B&GP die verantwoordelikheid om:

- » kommentaar te lewer met betrekking tot die projekte en wel in die gespesifiseerde tydsraamwerke;
- » skriftelike kommentaar regstreeks by die OEP in te dien; en
- » enige regstreekse sake-, finansiële-, persoonlike- of ander belange bekend te maak wat daardie B&GP in die goedkeuring of afkeuring van die aansoeke kan hê.


Hoe om betrokke te raak

1. Deur te reageer (telefonies (insluitend selfoon), per pos, faks of e-pos) op ons uitnodiging vir u betrokkenheid wat in provinsiale en plaaslike koerante en op die terrein geadverteer is.
2. Deur die aangehegte antwoordvorm aan die tersaaklike kontakpersoon terug te besorg.
3. Deur die vergaderings by te woon wat tydens die verloop van die BE-prosesse (deur 'n virtuele platform) gehou sal word. In-persoon vergaderings kan gehou word, maar slegs waar sanitêre toestande en die regulasies met betrekking tot die minimalisering van die risiko's wat met COVID-19 verband hou, nagekom kan word.
4. Deur die konsultante te kontak met navrae of kommentaar.
5. Deur oorsig oor en kommentaar op die BE-verslae te bied, en wel binne die gestipuleerde openbare insaetydperke.

As u uself as 'n B&GP vir die beoogde projekte ag, moedig ons u aan om gebruik te maak van die geleenthede wat geskep word deur die openbare deelnameproses om kommentaar te lewer of daardie vraagstukke of knelpunte te opper wat u raak en/of waarin u belangstel en waarvoor u meer inligting verlang. U insette in hierdie proses vorm 'n belangrike deel van die BE-prosesse.



Figuur 3: Locality Map





KOMMENTAAR EN NAVRAE

Rig alle kommentaar, navrae of antwoorde aan:

*Savannah Environmental
Nicolene Venter*

Posbus 148, Sunninghill, 2157

Selfoon: 060 978 8396

Tel: 011 656 3237

Faks: 086 684 0547

E-pos: publicprocess@savannahsa.com

Besoek

www.savannahSA.com

om projekdokumentasie te besigtig.



BASIC ASSESSMENT PROCESSES AND PUBLIC PARTICIPATION PROCESS

**DEVELOPMENT OF A CLUSTER OF RENEWABLE ENERGY FACILITIES BETWEEN SOMERSET EAST AND GRAHAMSTOWN,
EASTERN CAPE**

November 2020

Return completed registration and comment form to: **Nicolene Venter** or **Ronald Baloyi** of **Savannah Environmental**

Phone: 011 656 3237 / **Mobile (incl. 'please call me'):** 060 978 8396 / **Fax:** 086 684 0547

E-mail: publicprocess@savannahsa.com **Postal Address:** PO Box 148, Sunninghill, 2157

Your registration as an interested and/or affected party will be applicable for this project only and your contact details provided are protected by the PoPI Act of 2013

Please provide your complete contact details:

Name &		
Surname:		
Organisation:		
Designation:		
Postal Address:		
Telephone:	Fax:	
Mobile:		
E-mail:		

Please indicate on which project/s you would like to register as an interested and affected party (I&AP)?
(please tick the relevant box)

Wind Farms

Hamlet		Rippon		Redding		Aeolus		Wind Garden		Fronteer	
--------	--	--------	--	---------	--	--------	--	-------------	--	----------	--

Solar Energy Facilities

Solaris Fields		Sun Garden	
----------------	--	------------	--

REDZ 3 Power Grid Corridor 400MTS

Grid Connection Corridor	
--------------------------	--

Note: In terms of EIA Regulations, 2014, as amended, Regulation 43(1), you are required to register as an I&AP to receive further correspondence regarding the Basic Assessment process and comment on the Reports being made available for comments, and to disclose any direct business, financial, personal or other interest which you may have in the approval or refusal of the application (add additional pages if necessary):

--

Please list your comments regarding the Environmental Impact Assessment process (add additional pages if necessary):

--

Please provide contact details of any other persons who you regard as a potential interested or affected party:

Name & Surname:

Postal Address:

Telephone:

Mobile:

E-mail:
